


**Uitgawe: 7/1/2017** **Datum: 23 Feb 2017**

## Uit die kantoor:

"My School" kaarte. Tjokkies het verlede jaar R18 000 ontvang agv ouers wat hulle kaarte by spesifieke instansies gebruik. Dit is nie te versmaai nie en ek doen 'n beroep op ouers, wat dit nie ken nie, om "My school" te google wat jou na die webblad neem. Doen dan aansoek vir 'n kaart en met elke "swipe" baat die skool daarby.

Sien die aangehegte Interimrooster.

'n Valentynsdagboodskap deur 'n Tjokkie aan my:

"***Meneer is mooi genoeg, slim genoeg, lank genoeg, perfek genoeg. Moenie omgee wat mense sê nie.***

***Meneer is genoeg vir God. God het meneer lief net soos meneer is***". Dan vra mense my waarom het ek 'n onderwyser geword?

Ons waarde van die kwartaal is om elke hoek en draai te sien.




## BELANGRIKE DATUMS

**23 Feb:** 0/13 krieketliga

**24 Feb:** Tennis rondomtalie. Die spelers het die inligting gekry.

Voortrekkers se deurnag aksie-krieket. Drie spanne neem deel aan die projek vir liefdadigheid. Die spelers het die reëlings gekry.

**25 Feb:** Motheo Atletiek-kampioenskappe. Atlete het kennis gekry.

**27 Feb:** Melktertdag. 'n Lekker boeretradisie.

Boekuitstalling in die skoolsaal, spesiaal vir die Tjokkie boekwurms.

0/9 Krieketliga

**28 Feb:** 0/11 Krieketliga

Gr 1 A-D netbalkliniek. Sien die kennisgewing wat hulle ontvang het.

**1 Mrt:** 0/13 Rugby aandliga

**2 Mrt:** 0/11 Rugby aandliga

**3 Mrt:** Biddag vir vroue. Ons bid ook vir ons juffrouens. Alle dogters van Gr 1 – 7 trek wit en blou aan vir die skooldag. Die tema is "Genade".

0/13 SVS Hokkieproewe

## UITSLAE

Edrich (6C) en Darius Crowther (3C) neem deel aan boogskiet en is tans eerste en tweede gelys op nasionale rangorde. Edrich kwalifiseer vir Vrystaatkleure.

## VERJAARSDAE

**1 Maart:** Me Beaulah du Plessis (sekretaresse)

## PERSONEELSAKE

Me Carina Kriel (Gr 5) en me Lize-Marie Oosthuizen (Sotho) neem bevallingsverlof. Me Annerie Strydom en me Sonja Visser los onderskeidelik in hulle plekke af vir die volgende vier maande.

## GESOEK:

Ons is opsoek na bruingrond (nie rooigrond) wat ons as "top dressing" wil gebruik vir die deel van ons rugbyveld waar ons moes rip en nuwe gras plant. As iemand kan help, laat weet asb. Die privaat instansie vra ons 'n plaas se geld daarvoor. Skakel asb die kantoor as u kan help.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

 = 

Maandag  27 Februarie en Dinsdag 28 Februarie 2017 is daar ‘n **boekuitstalling** in die saal!
Moet dit nie misloop nie!

Boeke, boeke, boeke!

*Hoe meer jy lees, hoe meer sal jy weet.*
*Hoe meer jy leer, hoe meer sal jy bereik.*

## TELEFOONNOMMERS

Stoor asb die volgende selnommers op u foon, dit is die skool se uitbelnommers en sal op u foon verskyn wanneer u ‘n oproep ontvang:

**081 267 7816 en 081 431 4846**

Ons sukkel soms om ouers dringend in die hande te kry, omdat hulle nie “vreemde” nommers antwoord nie.

## SKOOLKLERE

Kloppers het laat weet hulle het ‘n groot uitverkoping op skoolklere, gaan loer gerus.

‘n Tjokkie-mamma doen enige herstelwerk, knope aanwerk, some, verstellings, ens. aan skoolklere. Dinsdae en Donderdae van 08h00 – 10h00 by die klerebank. Kontak Mechélle vir meer inligting: 060 986 2981

## TE HUUR

Netjiese 3 slaapkamer huis met 2 badkamers en dubbelgarage op pypsteel erf in Universitas (Boersmastr 45 A) vanaf 1 April 2017. Huur R6800 pm. Kontak 0823379446

## SNUFFELS







## SNUFFELS

Tjokkie-mamma soek dringend werk. Ondervinding in ontvangs, sekretarieel, boekhou tot en met proefbalans. Skakel asb die kantoor as u weet van iets.

**Smartschool ekstra klasse**
Ons bied Middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur ‘n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer.
Kontak Nelmarie by: 072 589 8069




**Suiwer Heuning**
**Plaas nou bestelling by**
**Mnr. Nicolaas**
**R45/500g**
**083 631 5824**




PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com